GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

INLEIDING

Die doel van hierdie dokument is om vir elkeen sy regte en verantwoordelikhede met betrekking tot skoolsportdeelname uit te lig.

Elkeen word verbind tot:

- Integriteit
- Die ontwikkeling van die sport waarvan jy deel is
- Sportmanskap en positiewe gesindheid
- Verantwoordelikheid teenoor jou spanlede, ouers, afrigters en borge

REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Elkeen het die reg om sport in 'n veilige en behoorlik gestruktureerde omgewing te geniet.

- Daar moet te alle tye by die voorgeskrewe ouderdomsgroepe gehou word om spelers teen beserings en die invloed van ouer leerders te beskerm.
- Die hoogste vorm van sportmanskap moet te alle tye gehandhaaf word.
- Die korrekte kleredrag en toerusting is baie belangrik.
- Spelers moet hul eie besittings en die skool se toerusting met die nodige respek behandel en in stand hou (oppas).
- Spelers moet verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar en hulle by die reëls vir elke sportsoort hou.

Elkeen het die reg om beleefd behandel te word en die verantwoordelikheid om dit waardig te wees.

- Spelers moet hulle verbind tot hoflikheid en verantwoordelikheid wat die waardes en standaarde van Marais Viljoen sal uitdra.
- Onberispelike gedrag en taalgebruik word te alle tye verwag.
- Geen medespeler, beampte, opposisie of toeskouer mag beledig word nie.
- Elkeen moet verdraagsaamheid en respek, teenoor lede van die teenoorgestelde geslag of ander taal- en kultuurgroepe, betoon.
- Elkeen moet sorg dat hy/sy oor die nodige kennis van die reëls en die interpretasie daarvan beskik.
- Lewenswaardes soos probleemoplossing, durf, waagmoed, respek, trots en nederigheid moet aangekweek word.

Reëls en dissipline met betrekking tot wedstryde waaraan Marais Viljoen deelneem of self aanbied.

- Spelers is onderhewig aan die neergelegde reëls van die skool van die oomblik af wat hulle hul huise verlaat totdat hulle daarheen terugkeer.
- Daar word van spelers verwag om altyd 'n goeie voorbeeld te stel.
- Spelers moet altyd die korrekte neergelegde sportdrag tydens byeenkomste, waar dit vereis word, aanhê.
- Leerders moet voor en na wedstryde hul skooluniforms aanhê.
- Spelers moet altyd die sport na die beste van hul vermoë en met die nodige sportmanskap beoefen.
- Spelers moet altyd die beslissing van skeidsregters met die nodige respek aanvaar.
- Spelers moet altyd deur hul optrede en voorkoms goeie beelddraers van Marais Viljoen wees.